



Derde uitgawe
2024

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder-voorsitter – Jaco Kriek
079 851 5040
- Tesourier - Bruce Carter
084 5132220
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampste—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede:
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Liam O'Flaherty

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jacospringkaan@gmail.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Vergadering 4 Mei	2
Beginnerskurses	7
Vergadering 1 Junie	9
What are soils	15
Literatistyl	20
Terugvoering	23
Snippets	24
Kalender	25
Japan Ambassodor	26
Sorgskedule	27

Van die redakteur

Beste Bonsai Kai lede.

Daar is 'n term sinchronisiteit (toemaar ek het ook nie geweet wat dit beteken nie). Dit is daardie lekker, onverwagse sameloop van omstandighede wanneer die legkaartstukke reg val en die lewe 'n lekker verrassing is.

Ons het in ons lewens, veral nou se dae, oor baie min dinge beheer. Ons kan planne maak soos ons wil maar die legkaartstukke val nie altyd in plek soos ons dit graag wil hê nie. Die lewe, en veral die tegnologie, verander so vinnig dat mens nie weet hoe die toekoms daaruit sien nie, en ek praat nie eers van die politiek nie.

En dan moet ons maar aanpas, nuwe planne maak en aanvaar dat als nie loop soos wat ons dit wil hê nie.

By die beginnerskurses wys Francois vir die mense wat dit bywoon hoe die 'ideale' boom lyk. Eerste tak 'n derde van onder, dan weer 'n derde van wat oor is vir die volgende tak, aan die anderkant van die stam as die eerste, of dalk na agter.

Die stam het 'taper' van onder na bo, so ook die takke ens ens.

Een van die mense vra maar hoe op aarde gemaak as die boom nie daar takke maak nie? Of 'taper' het nie? Of mooi beweging het nie?

So moet ons ook maar aanpas by wat die boom self gee. En ons maak die mooiste en beste wat ons kan. En ja, ons geniet dit wat ons kan doen met wat die materiaal self bied.

Geniet jou 'nie perfekte' bome!!

Bonsai groete

Jaco



One of the greatest life lessons is, what appears to be the end, is often just a better place to begin again.

Vergadering van 4 Mei 2024

‘Tip of the month’ - Deur Kobus Erwee

Kobus het vertel dat hy baie daarvan hou om kerfwerk op sy bome te doen. Kobus het die onderste verskaf:

Die belangrikste gedeelte van kerfwerk—**Veiligheid** - Moet nie vergeet nie! Jou ledemate en organe is baie belangrik, so beskerm hulle.

Dinge om voor uit te kyk

Maak seker die omgewing waarin jy werk is geskik vir die werk.

Maak seker dat daar nie mense of diere naby jou werkplek kom nie (veral wanneer jy met elektriese gereedskap werk)

Maak seker dat daar nie toutjies, stukke materiaal of lang los hare aan jou is wat deur die kerftoerusting gegryp kan word nie.

Maak seker dat jou gereedskap in 'n goeie werkende toestand is. (Geen oop kragdrade, skakelaars wat nie lekker werk nie ens)

Dra veiligheids toerusing (bril/handskoene/oor beskerming/masker ens)

Maak seker dat dit wat jy wil kerf goed ge-anker is. Indien iemand help vashou dink ook aan hulle veiligheid.

Maak altyd seker die kerf toerusting se ‘bits’ en lemme is vas, gaan dit gereeld na. Vibrasie maak dat dit kan loskom.

Het jy duur gereedskap nodig om kerfwerk te doen?

Daar is baie handige gereedskap wat beslis die lewe vir mens makliker kan maak, maar mens kan nogal goed regkom met wat jy het.

Nie almal kan van die gespesialiseerde gereedskap bekostig nie. Jy sal nogal verbaas wees hoeveel jy kan doen met wat jy het.

Hout is ook nie ewe hard nie, so sekere gereedskap sal goed werk op sagte hout en minder goed werk op harde hout.

Hier is 'n paar voorbeelde van wat ek gebruik wanneer ek kerf

Houtsaag

Houtkerf messies

Houtrasper

Boormasjien

Hoekslyper

Dremel

Skuurpapier



Vergadering van 4 Mei 2024

Koraal bome (Erythrina) as Bonsai

Deur Carl de Beer

Dankie aan Armand Erwee wat die foto's by die vergadering geneem het.



Daar is sowat 130 Erythrina spesies in die wêreld. "Some species of Erythrina grow on the slopes of the Andes, in the Galapagos, through the South Pacific Islands all the way to Asia and the USA." In Suidelike Afrika is daar 10 spesies.

Die bekendste spesies in Suid Afrika is:

- Erythrina caffra - Kuskoraalboom / Coastal coral tree
- Erythrina latissima - Breëblaarkoraalboom / Broad-leaved coral tree
- Erythrina humeana - Kleinkoraalboom / Dwarf coral tree
- Erythrina zeyheri - Ploegbreker / Ploughbreaker
- Erythrina lysistemon - Gewone koraalboom / Lucky bean tree
- Erythrina mendesii - Carl noem dat hierdie boom uit die suide van Angola kom. Dit is 'n klein boompie met klein blaartjies. Sien foto onder.



Vergadering van 4 Mei 2024

Die twee spesies wat die mees algemeen as bonsai gebruik word is die caffra, Kuskoraalboom, en die Lysistemon, Gewone koraalraalboom, en van die twee is die Gewone koraalraalboom die gewildste. Die grootste verskil tussen hulle is dat die Lysistemon fyn doringkies op sy blaar stingels het en die caffra nie. Verder lyk die blare omtrent dieselfde.



Bo: Blare van Lysistemon



caffra



zeyheri

Onder: Blare van

humana

latissima



Vergadering van 4 Mei 2024

As Bonsai:

Sodra Erythrina in 'n pot geplant word is die wortels geneig om bo die grond uit te kom. Hierdie mooi wortels kan as fokus punt in bonsai gebruik word. Die bome het goeie wortel sisteme en daarom is dit nodig dat hulle gereeld, plus minus elke twee jaar, oorgeplant moet word. Die groeimedium waarin hulle geplant moet word moet goed dreineer anders kan die wortels maklik vrot van te veel water. Dit is raadsaam om groot potte te gebruik.

Die stam verdik baie goed, veral onder waar dit uit die grond kom. Die stam vertoon grof, met rowwe bas en somtyds knoetse. Dus 'n baie 'manlike' boom. Gebruik hierdie eienskap in die ontwerp. Manlike potte is dus geskik.

Die hout is sag, dus is dit nie geskik vir 'gin' en 'shari' nie. Wonde en snoei merke genees en groei egter goed toe. Jong takke is hol binne.



Jong takke is hol binne.

Jong takke buig maklik.

Takke buig redelik maklik en kan dus bedraad en gebuig word. Hulle is egter sag en drade maak maklik merke en moet dopgehou word en draad moet betyds verwyder word. Dit mag nodig wees dat draad afgehaal word en weer op 'n ander plek op die tak geplaas word sodat die tak die vorm hou.

Erythrina groei vinnig. In die grond kan hulle tot 1,5m in 'n seisoen groei. Takke kan sterk terug gesnoei word. As by 'n blaar gesnoei word maak hy 'n sytak. Takkies kan egter terug sterf. Dooie hout vrot gewoonlik af. Hulle kan redelik gereeld gesnoei word. Blomme word op ou takke gevorm. Daarom kry mens selde blomme op hierdie bome omdat vorm snoei gereeld gedoen word. Wanneer jy wel blomme wil hê moet water toediening verminder word. Elsie Ceronio het 'n boom wat 40 jaar oud is en nog nooit geblom het nie. Blomme is egter nie die hoofdoel van hierdie spesie as bonsai nie.

Snoei wonde moet geseël word, veral die jong takke wat hol is. Wortels kan redelik aggressief gesnoei word met oorplant. Blaar verkleining is redelik goed. Sny die middelste van die drie saamgestelde blare uit. Blare kan redelik vroeg in die seisoen gesny word of totaal ontblaar word.

Vergadering van 4 Mei 2024



Die groot blare van die Ploegbreker.

Peste is nie 'n groot probleem nie. Wit wolluis kom somtyds voor. Die grootste probleem is as daar 'n ruspe in die stamme gaan wat die tak van binne eet. Die takkie word pap en vrek. Knip die tak terug totdat jy die ruspe kry en gooi die tak weg of verbrand die tak.

The Erythrina gall wasp occurs on leaves. This wasp is usually harmless to your tree and is considered by some as an interesting feature of the Coral tree. This wasp is present in varying degrees on more than 90% of all Coral trees. *“The Erythrina gall wasp inserts its eggs inside young leaf and stem tissue. The wasp larvae, which develop within plant tissue, induce the formation of galls in the leaflets and petioles. As the infestation progresses, leaves curl and appear deformed while petioles and shoots become swollen. After feeding is complete, larvae pupate within the leaf and stem tissue. After pupation within the galls, adult wasps emerge after cutting exit holes through to the outside. Heavily galled leaves and stems result in a loss of growth and vigour.”* If you don't like how the leaves look, cut the leaves off.

Erythrina verkies vol son. Hulle is gevoelig vir koue en ryp. As temperatuur onder 5 grade Celsius gaan beskerm die boom. Hulle kom met min water klaar. Jy kan so min as een keer per week water gee. As jy bome in groei bakke het vir vinnige ontwikkeling kan jy meer gereeld water gee. Bome wat gevestig is kan lae stikstof voeding gegee word.

Erythrina word hoog aanbeveel as bonsai. Hulle is relatief maklik en het nie baie aandag nodig nie. Hulle groei maklik van steggies wat in sanderige grond, of gewone bonsai mengsel, geplaas word. Maak steggies in die lente. Hulle groei ook maklik van saad. Plaas saad oornag in warm water en plant volgende dag.

Snoei in die lente. Die boom se karakter verander as bonsai van hoe hy in die natuur is. In die natuur is sy stam en takke glad en as bonsai word dit grof. Daar is ook 'n varieteit wat pienkerige blomme maak. Verplant laat winter of vroeg lente. ♣



Beginnerskursus

Die tweede beginnerskursus van die jaar, wat deur Francois van As aangebied word, is op 11 Mei 2024 gehou. Vyf persone het die kursus bygewoon, naamlik Ursula, Lynette, Marlise, Karin en Herklaas. Dit was 'n baie aangename dag saam met die beginners en ons hoop dat die persone baie geleer het en dat hulle gemotiveerd is om aan te hou met bonsai, en moontlik by die Pretoria Bonsai Kai aan te sluit. Onder is foto's van van die bome waaraan hulle gewerk het in die praktiese sessie, wat plaasvind na 'n teoretiese aanbie ding deur Francois.



Links: Ursula se boom het potensiaal om 'n mooi 'clump' styl te word.

Beginnerskursus



Vergadering van 1 Junie 2024



Esther het hierdie boompie by Rolf Wuest gekry toe Rolf suidkus toe getrek het. Esther weet nie wat se soort boom dit is nie. Van die lede dink dat dit een van die Karee spesies is.



Above: Bruce said that he won this little Spekboom, *Portulacaria Afra*, in the raffle at the March 2021 meeting. The tree was much smaller then and had no nebari. The tree has since developed very good nebari and the pot is perfect for the tree. Shows what can be done with raffle trees.

Below: Jaco started this Natal fig, *Ficus natalensis*, from a cutting in 2004.



Vergadering van 1 Junie 2024

Wortel ontwikkeling (Nebari) en Stam verdikking

Deur Duvan Horn



Onder is 'n paar foto's van hoe nebari nie moet lyk nie:

Wortels in die lug. Wortels slegs aan een kant van die boom.



Vergadering van 1 Junie 2024

Wortel ontwikkeling

- Saad

Laat groei die saailing vir minstens 1 tot 2 jaar

Haal die saailing uit en verwyder die pen wortel, los egter genoeg fyn wortels om die boom te onderhou

Dit mag beteken dat die pen wortel in stadiums verwyder moet word

Plant weer en herhaal oor 'n jaar

- Steggie

Laat groei die steggie vir minstens 1 tot 2 jaar tot sterk nuwe groei gesien kan word

Gewoonlik met steggies sal jy nuwe wortels reg in die ronte kry, dis waarna ons soek

Verwyder enige wortels wat na bo of oor mekaar groei

Verwyder ook enige wortels wat onder by die basis uit kom

- Air Layer

Los die air layer tot nuwe wortel groei gesien kan word

Verwyder die air layer van die bestaande boom, plant en los vir nog 'n jaar

Soos met steggies behoort daar met 'n air layer ook reg rondom die basis wortels te wees

Na 'n jaar verwyder wortels wat na bo en oor mekaar groei.

Indien daar 'n wortel is wat uit verhouding dikker is as die ander wortels verwyder dit ook.

Jou mikpunt is om wortels van dieselfde dikte te kry wat reg rondom die boom versprei is



Vergadering van 1 Junie 2024

Air Layer vervolg.



Bestaande Boom

- Approach graft


Kleiner boompies, steggies of air layers van dieselfde spesie word gebruik

Sny 'n keep in die basis van die bestaande boom waar 'n nuwe wortel verlang word tot by die kambium

Sny ook dieselfde grootte keep in die materiaal wat gebruik gaan word

Plaas dit so dat die kambiums aan mekaar raak, seël en heg stewig

Los vir 'n jaar of twee tot fusie plaas gevind het, sny dan die gedeelte bo die fusie af



Vergadering van 1 Junie 2024



Bestaande Boom

- Thread graft

Dun jong boompies van dieselfde spesie word benodig

Boor nou 'n gat skuins deur die stam waar die nuwe wortel benodig word
Druk die jong boompie deur die gat en seël

Sodra die gat begin toe groei en fusie plaasgevind het kan die boonste punt verwyder word



Vergadering van 1 Junie 2024

Stam verdikking - Tegnieke

- Knip en Groei
Met hierdie metode laat jy een tak vry groei vir 'n seisoen.
Jy knip dit dan terug aan die begin van die nuwe seisoen en laat weer 'n nuwe tak uit hierdie een groei.
Jy herhaal die proses tot die verlangde hoogte van die boom verkry word.
Deur hierdie metode te volg kry jy mooi beweging in die stam sowel as typer.
- Sacrifice branch
Jy laat een tak lank groei. Dit help met die verdikking van die stam.
Hierdie tak vorm nie deel van jou ontwerp nie.
Nadeel aan die metode is dat jy groot wonde skep op die stam.
- Trunck chop
Daar is baie materiaal by kwekerye waar die stam reeds dik is maar dis 'n lang reguit stam.
Hierdie materiaal kan dan korter af gesny word en so die begin vorm van jou nuwe bonsai.
'n Groot wond is ook 'n nadeel van die metode maar kan weg gestee word met tak plasing.
Die wond behoort ook vinniger te genees omdat meer as een nuwe tak vanaf hierdie punt sal groei.
- Plant in die tuin
Plant die klein boompie vir eers in jou tuin vir 'n paar jaar.
Verwyder die pen wortel en plant bo op 'n teel of iets sodat die wortels sywaarts groei.
Los die boom om vry te groei en die stam sal gou verdik.

Na sy aanbieding het Duvan 'n paar video's gewys wat bogenoemde metodes demonstreer.



What are soils—bonsai soils.

By Michael Kidson - Michael has offered to write a series on soil as a supplement to the presentation that Louis gave. This is the second of the series.

Classification of soils, why?

Introduction

When travelling we notice a wide difference of soils. From the red soils along the highway to Middleburg, or the sandy soils along the road (R573) to Marble Hall, or the black soil that results in the road having rolling bumps on the way to Bela-Bela. On the other end are the soils on hills. Each soil has its own features, that makes it suitable for different agricultural applications.

Let's have a closer look at what the soil is comprised of:




Figure 1. A breakdown of the main soil components.

To understand soil, it needs to be broken down into its main components and these components need to be explained relative to each other. The mineral component is derived from rock that has been decomposed over many years. Then there is the air and water, which is determined by the size of the soil particles and the amount of organic material in the soil. Although the organic matter component is less than 5% in South African soils, it plays a vital role. The organic material helps with water infiltration and retention, as well as holding on to plant nutrients. Then there are the microorganisms, which make the soil a living organism.

What are soils—bonsai soils.

When a hole is dug, we will see the soil comprises of layers with different features such as colour. These are referred to as horizons (Fig 2).




Figure 2. Horizons of the soil

The properties of a soil can be broken down into:

1. Morphology
2. Physical
3. Mineral composition
4. Chemical

1. Morphology

The first feature a person sees is the colour of the soil. It is important as it gives an indication as to the status of the soil, such as is it well drained, well aerated as well as soil chemistry.

The next feature is the soil structure or the arrangement of the soil particles. This is an indicator of the soil's stability or erodibility, effective depth.

What are soils—bonsai soils.




Figure 3. A red soil – well aerated and drained




Figure 4. A yellow soil with mottling, indicating a less well drained soil

2. Physical properties

- Texture – refers to the size of the soil particles, which is an indicator as to the water holding capacity, infiltration of water, a soil stability which is the vulnerability to erosion.
- Water retention – water holding capacity.
- Soil depth – how deep the soil is will dictate the amount of water it can retain, and secondly how deep the roots are able to penetrate.

Soil is made up of mineral particles that are graded into three sizes, namely sand, silt and clay.

- Sand - 2.0 mm to 0.5 mm (feels gritty)
- Silt - 0.5 mm to 0.002 mm in diameter
- Clay - smaller than 0.002 mm

Clays are responsible for soil characteristics such as swelling-shrinking capacity, cation exchange capacity, water retention, soil structure and so on.

What are soils—bonsai soils.

3. Mineral composition

- Rocks are broken down by forces of nature including water which dissolve the soluble components, further temperature and the most important is time. The rock determines the soil's characteristics when it is decomposed, for example: Sandstone, as the name implies breaks down to form sand, which is characterized by a low water holding capacity, low fertility and is acidic by nature. Typical indicator trees that grow on soils with sandy soils' characteristics, is the Silver-Leaf Terminalia tree (*T. sericea*).
- On the other hand, the rocks found around Centurion are dolerite which yields a loamy soil with a high water holding capacity and good fertility. Typically, the vegetation is of higher nutritional value for live-stock, with climax grasses such as Rooi gras – *Themeda triandra* occurring.
- In Eastern Mpumalanga granites occur which when broken down yield lovely deep rich red, clay soils, which are also acidic. Being acidic, they are low in calcium and magnesium. When calcium and magnesium is applied, they make for high potential soils.

4. Chemical

- Soil organic material - This is the plant material that remains in the soil when roots, microbes or fauna die. It decomposes to form a porous medium that helps retain water, and plant nutrients. Further it also acts like a slow-release fertilizer, supplying plant food during the growing season.
- Cation capacity – soil particles, in particular clays have an electrical charge, that allows nutrients to be adsorbed on the particles. The amount of nutrients that can be adsorbed on the soil particles is referred to the Cation Capacity.
- pH – can be referred to as how acidic or basic the soil is. It is defined as the log scale of the hydrogen ions (H^+ ions) concentration. In figure 5, the log scale is given with examples of various substances that correspond to the different pH levels.




Figure 5. The pH scale with examples of substances at different levels of pH. Note FRESHLY distilled water has a pH of 7. As it stands it adsorbs carbon dioxide, resulting in an acidic substance.

What are soils—bonsai soils.

Making sense of our soil's

The black soils north of Pretoria and around Settlers occupies a large area and is also encountered near rivers or in some valley bottoms. The features encountered, namely self-mulching clay top soil and blocky structure in the B-horizon, is classified as the Arcadia soil form.

The red soils found from Bronkhorstspuit to Carolina and around Delmas and Nigel, have red top soils, and poorly structured red B-horizons is classified as the Hutton soil form. The red sub-soil is an indicator of a well-drained and well aerated soil, in other words a great soil for crop cultivation.

The sandy soils encountered in the eastern Free State typically have a sandy topsoil as well as the B-horizon. The next horizon is an impenetrable layer formed by the movement and accumulation of magnesium and iron to form the layer, referred to as a Plinthic horizon. This impenetrable layer and the sandy topsoil allows for the successful farming of crops. All the rain-water infiltrates into the soil, and accumulates on the plinthic horizon, thus storing the water for later usage.

Lastly the soil encountered on hills is generally shallow and rocky, not making it suitable to cultivation. These are generally referred to as the Mispah soil form. Due to its features, it is recommended to be kept as a pasture.

When considering all the physical and chemical features of our soils, we can put together a practical classification system to predict the suitability of various soils for various applications. Whether it be to keep it for pasture as on hills or next too rivers due to its potential erodibility, or crop cultivation. These features should be considered when collecting or growing our trees. Example the wild Syringa occurs in acidic sandy soils with a low fertility.

There is no bad soil, just bad management of soil!

References



- Do Nascimento, G. M. 2021. Clay and clay minerals. ISBN978-1-83969-564-3. IntechOpen, <http://dx.doi.org/10.5772/intechopen.97672>. Accessed 12-06-2024.
- Fey, Martin, 2015. Soils of South Africa. Cambridge University Press, Cape Town South Africa. ISBN 978-1-107-00050-6.
- Laker, M.C. 2012. Soil Science: from the heart. ABC Press, Cape Town.
- Soil Classification Working group, 1977. Soil classification: A Taxonomic system for South Africa. Department of Agricultural Development, Pretoria, SA.
- Soil Classification Working group, 1991. Soil classification: A Taxonomic system for South Africa. Department of Agricultural Development, Pretoria, SA.
- Soil Classification Working group. 2018. Soil Classification: A Natural and Anthropogenic System for South Africa. ARC – Institute for Soil Climate and Water, Pretoria.



WAAR KOM DIE LITERATISTYL VANDAAN?

Artikkel ontvang van Francois van As.

Die literatistyl vorm nie deel van die tradisionele, natuurlike Chinese style nie, maar tog sien 'n mens bome in die natuur wat aan hierdie styl herinner. Die vroegste beskrywing van die literatistyl word gevind in een van die Chinese penjing tekste. Penjing word beskou as die oudste skool in die kweek van miniatuur boompies. In China word die Tang Dinastie (618-907) gekenmerk as 'n bloeitydperk vir die kunste, insluitende skilderkuns, kaligrafie en die bekende Tang digkuns (Tang-xe). Gedurende hierdie tydperk was die kennis van literatuur, geskiedenis, filosofie en die kunste belangrike kriteria onder die geleerdes en die elite. Penjing was baie gewild in hierdie tyd aangesien daar sterk bande was met Chinese skilderkuns, digkuns en kaligrafie. Die literatistyl, genoem Xu hua xe, het ook groot belangstelling uitgelok en is gemodelleer na die kenmerke en filosofie van Chinese kaligrafie.



'n Voorbeeld van Chinese kaligrafie

(Bron: www.terrizvous.com)

Die Chinese penjing meester, Shao Hai Zhong, het die beginsels vir die literatistyl soos volg beskryf (Steven, 2007):


- 'n Ongelykmatige balans in komposisie moet gebruik word om 'n stabiele en stewige fondament te verkry.
- Die beginsel van optiese balans. Hiermee word bedoel dat die energieke en dramatiese vloei van die stam 'n harmonieuse balans moet toon.
- Literati lyk na Chinese kaligrafie. Die top is gestruktureerd en die skraal stam verteenwoordig die elegansie van eenvoud en slankheid.

WAAR KOM DIE LITERATISTYL VANDAAN?


- Die fisiese samestelling moet behoorlike balans van visuele gewig en ruimtes ten toon stel. Die swaar areas moet deur die oop spasies uitgekanselleer word wat die abstrakte skoonheid van Chinese kaligrafie oproep.
- Die lyne moet dinamies en ritmies voorkom maar nie wanordelik of eentonig wees nie.
- Die struktuur moet 'n balans van sterk (bold beginnings) en delikate lyne insluit. Selfs die delikate lyne moet kragtige energie bevat. Dieselfde beginsel geld vir Chinese kaligrafie.

“So in literati bonsai, a combination of two contrasting lines is necessary; the delicate flow with the vigorous stroke or radical curves in subtle harmony. The power of a strong thrust is countered by the delicate release; displaying tension against compression as if describing the natural equilibrium of the universe. Literati is a very contemplative style in bonsai, reflecting the spirit of nature, a lyrical beauty, yet a testament to intellectual talent” (Steven, 2007).

Ek het fotos van 'n aantal voorbeelde van die Literati-styl van die internet afgelaai en in ink oorgeteken om dit sodoende my eie te maak. Daarna het ek die boompies van hul blare gestroop en 'n skadubeeld geskep. Hieronder is die vergelykende sketse, besluit maar self of u die ooreenkoms met Chinese kaligrafie kan sien.



WAAR KOM DIE LITERATISTYL VANDAAN?



In Japan staan literati bekend as *bunjin* en in China as *wen-ren*.

Bron:

Steven, R. (2007) *Vision of my soul*. Indonesia, Suprindo Offset Printing.

Francois van As

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome.

Die onderste interessante en mooi boompie is op 10 Februarie 2024 by Francois van As se huis gesien, en natuurlik afgeneem By navraag aan Francois oor die boom het hy as volg gesê:

“Michelle, Martin en ek het op 2 Februarie 2013 die “Raft” styl aangebied. Ek het die boompie, ’n Natal vy, gewys en vertel wat ek met hom beoog. Ek het na die vergadering hom toe by die huis in ’n ”raft” styl ontwikkel, maar die fout gemaak deur die boompie se stam, wat horisontaal op die grond gelê het, onder ’n lagie grond te verberg. Die wortelkant en eerste twee takke het toe gegroei, soos gesien kan word. Die res het gevrot.”

Soms werk dinge nie presies uit soos wat jy beplan nie maar daar kan steeds iets mooi van kom. Mens moet ook geduld hê want soos gesien kan word werk Francois al vir 11 jaar aan hierdie boompie.



When life is sweet say thank you and celebrate.


When life is bitter say thank you and grow.

Snippets

Our Environment.

Winter is with us, and most of us want to heat our homes and especially bedrooms when we go to bed. Heaters uses a lot of electricity and is therefore not only bad for your expenses but also bad for the environment, as generating electricity by coal power plants causes pollution.

Electric blankets uses less electricity than bar heaters. Use an electric blanket on your bed instead of a heater in the room. You will not only save some money but also contribute, in a small way, to less pollution caused by coal power plants.



Inspirasie uit die natuur



Johan Joubert het hierdie foto al in 2012 aan die redakteur gestuur. Die foto is nou herontdek uit die argiewe. Johan het gesê dat hy die boom in die Kaap Punt Natuur Reservaat afgeneem het maar nie weet wat se boom dit is nie. Dit lyk of dit dalk een of ander Denneboom kan wees.

Miskien kan iemand wat weet ons laat weet.

Die boom het 'n baie mooi vorm wat in bonsai nageboots kan word.

Bonsai Kalender – Deur Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus?

Hierdie twee maande verteenwoordig middel- en laat-winter. Dit impliseer dat ons boompies hulle nog in 'n dormante stadium bevind. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sonder natmaak nie. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees 'n paar bonsai boeke en tydskrifte.



Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Dig the well before you are thirsty. - Chinese proverb

An afternoon with The Japanese Ambassador and fellow bonsai lovers

By Bruce Carter, and Ryan Keet for terminology editing

The art of Bonsai is a relaxing traditional Japanese pastime that should unite people and bring joy to everyone. This is the sentiment of Ambassador Ushio who is the Japanese Ambassador to South Africa. It is with this background in mind that the Ambassador, with two of his bonsai admiring staff members, Mr Ryan Keet and Ms Mika Hayashi, hosted a formal lunch at the Ambassadors home on 27 May 2024 for the Chairpersons of the Pretoria Bonsai Kai and The Bonsai Addicts club. It was a wonderful opportunity for the two clubs to get together and talk about the future of bonsai over a magnificent lunch with fellow bonsai enthusiasts.

The afternoon started with sparkling wine and a tour of the gardens. Sadly, there were no bonsai to be seen, so maybe this is something we can remedy in the future. The lunch party then proceeded to the main table which was set outdoors on the magnificent veranda that overlooks the tree lined streets of Pretoria. How wonderful this view must be during Jacaranda season.

First course was *Shishamo*, a small, deep-fried fish that was so crunchy that you eat it from head to fin. This was served with a deep-fried crumbed oyster and *Edamame*, which are green soya beans that must first be removed from their shells. A bit like removing peas from a pod, but with a very different taste. This course was accompanied by a traditional sake drink.

Next came a savoury steamed egg custard, which at first seemed a bit odd, but was quite delicious. So good that I was tempted to lick the bowl. Being in such high company though, I decided to forgo that pleasure.

This course came with a top up of sake.

The fish course came next. A seared salmon portion cooked in teriyaki sauce. This was cooked to perfection and was served with a crisp white wine.

The main meal was minced pork in a bowl of traditional rice and was accompanied by a clear soup and pickles. This course was served with a well-balanced Cape red wine.

The meal was rounded off with delicious soft chewy mochi squares and another sweet that was shaped as a kumquat and filled with red bean paste. Coffee was then served in fine porcelain cups.

What a wonderful afternoon of bonsai friendship it was. A great occasion to unite the local clubs and pave the way for a stronger more united bonsai community. Much thanks are extended to the Ambassador and his dedicated staff for a wonderful afternoon.



From left to right: Mr Ryan Keet, Mr Ky Basson, Mr Org Exley, Ambassador Ushio, Mr Bruce Carter and Ms Mika Hayashi.

Sorgskedule / Maintenance Schedule		Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer	Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	
Seisoen: Season:								
Maand / Month:		Sep	Okt / Oct	Nov	Des / Dec	Jan	Feb	
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth	Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed							
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant / Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning	Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees						
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting / Fertilizer							
	Insekdoders / Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							
Seisoen: Season:		Vroeg herfs Early autumn	Mid herfs Mid autumn	Laat herfs Late autumn	Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	
Maand / Month:		Mrt/Mar	Apr	Mei/May	Jun	Jul	Aug	
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Bereid vir vir dormante periode Prepare for winter dormancy			Dormant gedurende die winter Winter dormancy			
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed	Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed						
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant / Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot + root pruning		Immergroen bome Evergreen trees					
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting / Fertilizer							
	Insekdoders / Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							